## 19.10 RAPPORT 2 – DEPUTATE JEUGSORG – FINANSIËLE BESTUUR (Artt 149, 305)

## 19.10 REPORT 2 – DEPUTIES YOUTH – FINANCIAL MANAGEMENT (Arts 149, 305)

A. Prof AJ Coetsee stel die Rapport.
Prof AJ Coetsee tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 3 verwys na die Finansiële Kommissie.
**Decision:** Point 3 referred to the Financial Commission.

C. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Dr EJ de Beer reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Acta 2015:262, 2.2.3: Daar voortgegaan word met die finansiële bestuur soos gerapporteer. | 1.1 Acta 2015:262, 2.2.3: The financial management is to continue, as reported. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Finansiële bestuur word gedoen volgens 'n goedgekeurde begroting in samewerking met br HJD Coetzee van die Administratiewe Buro. | 2.1 The finances were managed according to the approved budget, in cooperation with br HJD Coetzee of the Administrative Bureau. |
| 2.2 In die lig daarvan dat die Deputate skuld het, is verskeie stappe geneem om grootskaalse finansiële besparings te maak. Enkele voorbeelde: | 2.2 Given the debt the Deputies incurred, a variety of significant cost-saving measures were implemented. A few examples are as follows: |
| 2.2.1 Die Deputate het besluit om slegs een maal per jaar te vergader en soveel as moontlik op verblyf- en reiskoste te spaar. | 2.2.1 The Deputies only held one meeting per year and saved as much as possible on accommodation and travelling expenses. |
| 2.2.2 Die Deputate het begin om meubels en voorraad wat nie meer gebruik word nie te verkoop en die geld vir Jeugsorg aan te wend. | 2.2.2 The Deputies started selling furniture and stock no longer in use for application on Youth Care. |
| 2.2.3 Algemene besparings is aangegaan, byvoorbeeld om na 'n nuwe internet-diensverskaffer te skuif. | 2.2.3 General savings were made, such as moving to a new Internet service provider. |
| 2.3 Om die skuld van die Gee-jaar en Kruispad-rekeninge mettertyd te delg, het die Deputate jaarliks vanuit die positiewe Jeugsorgrekening 'n groot bedrag na die oortrokke Gee-jaar en Kruispad-rekeninge gekanaliseer. | 2.3 The Deputies channelled a large amount from the positive Youth Care account to the overdrawn Gee-jaar and Kruispad accounts in order to eventually repay these accounts. |
| 2.4 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor die kerke vir die kollekte wat vir Jeugsorg ingesamel word. | 2.4 The Deputies wish to express their thanks to the churches for the collection taken up for Youth Care. |
| 2.5 Die Deputate is trots om te rapporteer hoe die skuld van beide Gee-jaar en Kruispad die afgelope jare verminder | 2.5 The Deputies are proud to report how the debt of both the Gee-jaar and Kruispad accounts have been decreased |

| | |
|---|---|
| is: | the last few years: |
| 2.5.1 Die beginsaldo van die Gee-jaarrekening op 31 Januarie 2015 was (R386 518). Die saldo op 1 Februarie 2017 was (R284 651). Die begrote saldo vir 2017/2018 is (R207 081). | 2.5.1 The opening balance of the Gee-jaar account on 31 January 2015 was (R386 518). The balance on 1 February 2017 was (R284 651). The budgeted balance for 2017/2018 is (R207 081). |
| 2.5.2 Die beginsaldo van die Kruispad-rekening op 31 Januarie 2015 was (R456 900). Die saldo op 1 Februarie 2017 was (R235 264), die begrote saldo vir 2017/2018 is (R116 865). | 2.5.2 The opening balance of the Kruispad account on 31 January 2015 was (R456 900). The balance on 1 February 2017 was (R235 264) and the budgeted balance for 2017/2018 is (R116 865). |
| 2.6 Die Deputate wil graag ander Deputategroepe wat positiewe bank-saldo's het nader om te hoor of hulle Jeugsorg op 'n manier tegemoet kan kom om hulle skuld te verminder. Dit sal die hande van die volgende Deputategroep baie losmaak om effektiewe jeugbediening te doen. | 2.6 The Deputies would really like to approach other Deputy groups with positive bank balances to hear whether they could in any way accommodate Youth Care to reduce their debt. It would be of great aid to enable these Deputies to conduct an effective youth ministry. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.6 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 Daar voortgegaan word met die finansiële bestuur soos gerapporteer. | 3.1 The financial management continue, as reported. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.2 Die Deputate gaan voort om die skuld van die Kruispadrekening te delg deur jaarliks 'n derde van hul netto inkomste na die oortrokke Kruispadrekening te kanaliseer. Die Gee jaar word afge-skryf teen die Administratiewe Buro se algemene fonds. | 3.2 The Deputies continue to work off the debt of the Kruispad account by channelling a third of their nett income to the overdrawn Kruispad account. The Gee-jaar is written of against the Administrative Bureau's general fund. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |
| 3.3 Dat een verpligte kollekte per jaar word afgestaan aan die Deputate Jeugsorg | 3.3 That one compulsory collection is channeled to the Deputies Youth Care. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |